FISIESE ADRES:
H/v View Laan & Kort Straat
Rothdene, Meyerton

KARAVAAN, TENT & CHALET BESPREKINGS:
Kantoor Kontak Besonderhede:
076 017 4354 & 072 823 5236

EPOS ADRES:
besprekings@klipdraaikaravaanpark.com

WEBTUISTE:
www.klipdraaikaravaanpark.com

TERME EN VOORWAARDES

1. WYSIGING VAN REËLS

Die bestuur behou die reg voor om die tariewe, reëls & terme en voorwaardes vir die gebruik en of benutting van Klipdraai Karavaanpark in hul absolute diskresie onmiddellik en sonder voor af kennisgewing te wysig.

2. REG VAN TOEGANG VOORBEHOU

Die bestuur behou die reg voor om toegang en/of verblyf aan enige persoon of instansie te weier sonder openbaarmaking van enige rede. Geen ongemagtigde persone sal op die kampterrein toegelaat word nie. Bestuur sal verder geregtig wees om uitsetting te gelas van enige persoon wat nie die reëls nakom nie, lawaai, die rus versteur, 'n oorlas veroorsaak en of hom of haarself skuldig maak aan enige ander optrede wat daarop gemik is om die atmosfeer en gebruik van die kamp te ondermyn en of daarop inbreuk te maak,of op die algemene gerief van mede kampeerders. Verder meer ook ‘n persoon wat homself skuldig maak in besonder ten opsigte van die volgende, maar nie beperk daartoe nie:

2.1 Nie nakoming van hoeveelheid, voertuie en aantal persone per staanplek: Beperk tot 1 motor voertuig en 1 karavaan met sy tent / of boswa / of “motorhome” per staanplek. Indien daar meer as 4 persone per staanplek is, sal die normale tariewe per persoon per nag van toepassing wees. (maksimum 6 persone per staanplek)
2.2 Geen persone sal toegelaat word om in motors of bakkies te oornag nie
2.3 Geen wanordelike en rumoerige gedrag sal geduld word nie en besoekers wat hul hieraan skuldig maak, sal gevra word om die kamp onmiddelik te verlaat
2.4 Vandalisme en diefstal sal nie geduld word nie n persone wat hulle hieraan skuldig maak sal vervolg word en van die kampterrein verwyder word
2.5 Die aanwending en of gebruik van die perseel vir 'n onwettige doel en of in stryd met die doelstellings daarvan
2.6 Uself skuldig maak deur akkommodasie aan addisionele persone te bied, sonder vooraf magtiging / goedkeuring by die kantoor en /of akkommodase aan addisionele persone te bied wat tot gevolg het dat die maksimum hoeveelheid persone per staanplek oorskry word.
2.7 Versuim om 'n besoeker aan te meld by die kantoor
2.8 Versuim om 'n staanplek te ontruim na afloop van u bespreking of nadat die kampeerder daartoe versoek is
2.9 Verbreking van enige van die park se reëls
2.10 Versuim om rookwette na te kom. Rook is verbode binne die geboue van die karavaan park en ook binnenshuise en geslote publieke areas
2.11 Misbruik van alkohol en dit is ook onaanvaarbare gedrag tydens u verblyf
2.12 Geen narkotiese middels (dwelms) sal op die terrein toegelaat word nie.
(Enige persoon wat hom of haar hieraan skuldig maak sal deur die SAPS in hegtenis geneem word)

3. TARIEWE EN BESPREKINGS

‘n Bespreking is geldig, bevestig en afdwingbaar wanneer:

3.1 Die besprekingsvorm voltooi is en die bestuur die besprekingsvorm by wyse van epos ontvang het en /of die bespreking aanlyn dmv die webtuiste voltooi is. Die besprekingsvorm verteenwoordig ‘n aansoek tot akkommodasie en is nie ‘n offisiële bespreking nie
3.2 Die bespreking is geldig wanneer bestuur die bespreking aan die kampeerder bevestig dmv ‘n **faktuur en ‘n verwysingsnommer** wat u per epos ontvang **EN**
3.3 Die **vereiste deposito** soos gestipuleer op die **faktuur met die verwysingsnommer** wat u ontvang het **betaal is op die keerdatum** en /of wanneer die balans en /of vooruitbetaling en /of uitstaande bedrag soos gestipuleer op die keerdatum betaal is en deur die bestuur ontvang is om die bespreking te bekragtig.
3.4 Geen telefoniese bespreking sonder bg. word as bindend gesien nie

3.5 **Stuur bewys van betalings asseblief aan epos**: besprekings@klipdraaikaravaanpark.com

3.6 Gebruik u **VOLLE VERWYSINGSNOMMER** aan die onderkant van die faktuur wannneer u 'n betaling maak en ook in alle korrespondensie

3.7 Voordat u 'n bepreking maak, maak asb seker van a) datums: aankoms en vertrek b) aantal staanplekke wat benodig word en c) aantal persone. Verandering van fakture skep verwarring en logistieke probleme daarom sal **'n R200 admin fooi** gehef word met die verandering van fakture

3.8 Enige veranderings aan 'n bespeking moet op skrif geplaas word en stuur dit aan epos: besprekings@klipdraaikaravaanpark.com Verbale en telefoniese veranderings is nie geldig nie

3.9 **Binne Seisoen** datums (Maart, April, September en Desember) is besprekings noodsaaklik

4. BETALING

4.1 **Binne Seisoen**:
50% van die koste van die totale verblyfrekening is betaalbaar as deposito binne 72 uur vanaf die bespreking gemaak is en / of voor die keerdatum soos gestipuleer op die faktuur om die bespreking te bevestig
Sien asseblief kansellasie beleid

4.2 **Binne Seisoen**:
Wanneer 'n bespreking 14 dae (2 weke) voor die arriveer datum gemaak word is die totale verblyfrekening binne 3 dae betaalbaar

4.3 **Binne Seisoen**:
Wanneer 'n bespreking binne 48 uur vanaf die arriveer datum gemaak word is die totale verblyfrekening onmiddellik betaalbaar om nie – arriveerders te verhoed

4.4 Slegs elektroniese bank oorplasings (EFT), direkte kontant deposito's, kontant en kaart betalings word aanvaar Geen tjekbetalings of American Express Kaarte sal aanvaar word nie

4.5 Deposito's en enige betalings wat reeds gemaak is, sal nie terugbetaal word indien die bespreking gekanselleer word nie. Verder sal geen gelde terugbetaal of enige vergoeding van toepassing wees wanneer gaste die karavaanpark vroeër verlaat as wat bespreek is nie of uitgesit word weens verbreking van die kamp se reëls

4.6 Betaling van **deposito's** moet geskied voor of op die keerdatum soos gestipuleer op die faktuur om die bespreking te bekragtig. Versuim om die deposito voor of op die keerdatum te betaal, sal daartoe lei dat die bespreking sonder vooraf kennisgewing gekanselleer sal word

4.7 Die uitstaande koste en of **balans** moet voor of op die **keerdatum** soos gestipuleer op die faktuur betaal word

4.8 **Let asseblief op** die maksimum aantal persone wat per staanplek toegelaat word, is naamlik ses (6). Dit sluit dus in volwassenes, kinders 3 -12 jaar en kinders 0 -2 jaar. Kinders 0 -2 jaar is ook 'n persoon/ mens
Indien daar meer persone in 'n groep is, moet 'n addisionele staanplek bespreek word want max 6 persone per staanplek word toegelaat. Byvoorbeeld in die geval waar u dus 7, 8, 10 of 12 persone is moet 'n 2de staanplek bespreek word

4.9 Sien die Oord Uitleg (Kaart) met staanplekke en staanplek nommers. Jammer vir die ongerief maar geen pre - allokering van staanplekke. a) Ons werk op "first come, first serve basis" en b) deposito moet volgens die gestipuleerde datum op die faktuur betaal word. Indien u nie by die reëling hou nie, of laat betaal sal u bespreking **outomaties gekanselleer word sonder vooraf kennisgewing.** Die oord behou die reg mbt. die bestuur van die besigheid om staanplekke te allokeer na goeddenke. Ons poog om aan die kampeerders se versoeke te voldoen, maar daar is kere wat 'n bespreking na 'n ander staanplek verskuif moet word. Die alternatiewe staanplek sal van dieselfde standard wees and daarom sal geen terug betalings aangebied word nie en kansellasie beleid is van toepassing

4.10 Onder geen omstandighede sal 'n kampeerder toegelaat word om 'n staanplek wat deur die kantoor aan hom/ haar toegeken is te verander nie. Wanneer u nie by die reëling hou nie sal 'n kampeerder genoodsaak wees om te skuif na die staanplek wat aan hom/ haar geallokeer is**.** Indien u sonder die medewete van die kantoor op 'n eie keuse staanplek staan of verkeerdelik 'n staanplek in neem, sal u genoodsaak wees om op te pak en te skuif na waar u geallokkeer is

5. AANKOMS EN VERTREK TYE

5.1 **Binne Seisoen**:
Aankomstyd: **12:00 – 18:00** Vertrek Tyd: **10:00**

5.2 **Buite Seisoen**:
Aankomstyd: **07:00 – 18:00** Vertrek tyd **16:00**

5.3 U kan slegs tot **18:00** arriveer op die dag van kampering. Indien u nie binne kantoor ure gaan arriveer nie verwittig asb die kantoor gedurende kantoor ure van u laat arrivering. Laat arriveerders moet asb die volgende oggend om 7.00 by die kantoor aan meld

5.4 Vertrek tye sal streng toegepas word met die oog op nuwe kampeerders wat arriveer

5.5 Kampeerders moet asb hulle bewys van betaling en verwysingsnommer met aankoms "check in" saam bring

5.6 Indien die kampeerder die kamp later as die bepaalde vertrektyd wil verlaat (verlenging van datums is toelaatbaar maar onderhewig aan beskikbaarheid) maak asb.vooraf reëlings met die kantoor mbt beskikbaarheid en doen die nodige betaling by die kantoor

5.7 Indien 'n kampeerder langer wil aanbly as die vertrek datum moet die beskikbaarheid van die huidige staanplek eers by die kantoor uitgevind word weens die feit dat die betrokke staanplek reeds aan 'n nuwe kampeerder op die vertrekdatum geallokeer kan wees

5.8 U karavaan mag op 'n staanplek gelaat word (oornag sonder kampeerders) teen die normale fooi van R400 (binne seisooen) en R300 (buite seisoen) per nag. Slegs die karavaan of tent word toegelaat. Geen afbakening.

5.9 Afbakening word geensins toegelaat nie bv.dmv. grondseile, toue en linte nie

6. TOEGANG TOT DIE TERREIN

Met aankoms sal elke bespreekte kampeerder ‘n toegangspermit ontvang. Vertoon die permit asseblief ten alle tye dudelik in u voertuig se voorruit. Bandjies sal ook aan individue uitgereik word tydens bv ‘n musiekfees wat plaasvind. Die bandjie dentifiseer u as ‘n kampeerder

7. KANSELLASIE BELEID & VERSUIM OM OP TE DAAG

7.1 Versuim om die betaling van die deposito en of balans op die keerdatum soos gestipuleer op die faktuur sal lei dat u bespreking outomaties gekanselleer word sonder vooraf kennisgewing

7.2 Indien die kampeerder nie met die bestuur in kommunikasie is nie en derhalwe nie binne 24 uur na besprekingsdatum opdaag nie, sal die staanplek sowel as enige betaling verbeur word en die bestuur geregtig wees om die staanplek aan ‘n ander party toe te ken

7.3 **Geen terugbetalings / “No Refunds**”op enige betalings (deposito en/of balans) wat reeds gemaak is nie, indien die bespreking (ongeag die rede) deur die kampeerder gekanselleer word

7.4 In die geval van kansellasie deur die kampeerder (ongeag die rede) sal die herskedulering of verskuiwing van die bespreking nie toegelaat word nie

7.5 **Neem asb kennis kampering is ‘n buitelewe ervaring en ons bied geen terugbetalings aan situasies buite ons beheer nie. In die geval van “Viz Major” (Act of God) natuurrampe en /of weersomstandighede bv. reën, hael, koue,oorstromings, hittegolf ens. GEEN TERUGBETALINGS / “No Refunds” en sal die verskuiwing of herskedulering van die bespreking nie toegelaat word nie**

7.6 In die geval waar u tent of karavaan nie die weersomstandighede kan trotseer nie sal geen terug betaling of vergoeding aan die kampeerder gemaak word nie en die herskedulering van die bespreking sal nie toegelaat word nie

7.7 Wanneer die kampeerder die kamp vroeër moet verlaat sal slegs in die volgende gevalle ‘n uitsondering gemaak word: In die geval van dood (doodsertifikaat sal ingedien moet word) en of nood operasie (doktersbrief sal ingedien moet word) van die betrokke kampeerder se onmiddellike gesin (man, vrou, ma, pa, seun, dogter) en in welke geval u bespreking kan oorstaan vir ‘n maksimum tydperk van 6 maande vanaf datum van bespreking

7.8 In die geval van wets toepassing deur die regering byvoorbeeeld “Lock Down” tydens u besprekings periode, sal geen terugbetalings geskied nie, maar u bespreking sal oorstaan vir ‘n maksimum tydperk van 6 maande vanaf datum van bespreking

8. VRYWARING

Besoek aan die perseel deur enige persoon en of hulle besoekers geskied op hul eie risiko. Alle persone wat die kampterrein en fasiliteite insluitende die parkering en staanplek, chalets gebruik doen dit algeheel op eie risiko en word die eienaar en /of bestuurder en/of hul verteenwoordigers gevrywaar teen enige eise van watter aard ookal, veroorsaak by wyse van hetsy diefstal, dood, besering, siektes, beskadiging of verlies van goedere van enige aard, brand, oormag, vloede, ander natuurrampe van watter aard ookal voortspruitend uit die gebruik, betreding, benutting en of aanwending van die perseel en /of van die fasiliteite en sal die bestuur en of eienaar of organiseerders van vermaak, aktiwiteite en feeste nie aanspreeklik gehou word vir enige verliese wat daaruit mag ontstaan nie. Alle geriewe (swembaddens, putt – putt baan, klimrame, speel area, braai fasiliteite, wildsritte ens.) asook enige vermaak en aktiwiteite bv. perderitte, speletjies, feeste ens. word op eie risiko gebruik. Klipdraai Karavaanpark aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige beserings of skade wat mag voortspruit uit die gebruik daarvan nie en ook nie vir enige beserings of skade wat besoekers by die kampplek en /of perseel sou opdoen nie.

9. FASILITEITE

9.1 Borrelbaddens (jacuzzi’s): Besprekings kan gedoen word by die kantoor R150 per uur - maksimum 6 persone

9.2 Kaartjies vir Putt – Putt en Potspel (“Pool “) is by die kantoor (buite seisoen) en by die betrokke fasiliteit (binne seisoen) beskikbaar

9.3 Die Treintjie se kaartjies (klein kindertjies) is by die WINKEL beskikbaar

9.4 Geen volwassenes word op die kinder speeltoerusting by die speelpark toegelaat nie

9.5 Moet asseblief nie oor die Putt-Putt baan heining klim wanneer dit gesluit is nie

10. ABLUSIE GERIEWE

10.1 Hou asseblief die fasiliteite en ablusie geriewe netjies en skoon

10.2 Daar is kragpunte

10.3 Bring u eie badproppe

10.4 **WEERHOU U OM DIE STORTKOPPE TE VERWYDER EN TE NEEM**

10.5 Kinders onder die ouderdom van 10 jaar moet deur ‘n volwasse persoon vergesel word

10.6 Rook is verbode

10.7 Geen honde en skottelgoed gewassery word toegelaat nie

11. DAGBESOEKERS

11.1 Dagesoekers word toegelaat. **08:00 – 18:00 (GEEN UITSONDERINGS)**
Tariewe: R100 Volwassenes, R50 kinders (3 -12 jaar) en R20 kinders (0-2 jaar)

11.2 Geen oorslaap van besoekers nie. Wanneer ‘n besoeker sou besluit om oorslaap, moet die nodige reëlings en betaling vooraf gedurend kantoor- ure met die kantoor getref word. Die maksimum persone per staanplek mag nie oorskry word nie

11.3 Dagbesoekers se voertuie word **NIE** in die kamp toegelaat word **NIE**, maar dit moet by die hek se veilige parkeer area gratis geparkeer word.

11.4 Dagbesoekers bring asseblief u eie braai saam

11.5 Die aantal dagbesoekers word streng beheer omdat slegs ‘n beperkte aantal dagbesoekers toegelaat word

11.6 **Om die aantal gaste/ besoekers van die oord te beheer, behou die oord die reg om op enige gegewe tyd sonder vooraf kennisgewing ‘n “Geen Dagbesoeker Maatreël / Beleid ”in te stel**

12. ALGEMENE REëLS

Die persoon wat die bespreking maak is verantwoordelik om homself te vergewis met die Terme en Voorwaardes en onderneen om dit onder die aandag van al die lede van sy groep te bring. Hy/ sy aanvaar aanspreeklikheid daarvoor dat al die lede van sy groep die bepalings hiervan nakom.

12.1 Rapporteer asseblief alle oortredings, gebreke of foute wat op die terrein opgemerk tydens u verblyf direk aan die **Kantoor** by **076 017 4354 & 072 823 5236**

12.2 Rapporteer asb enige beskadiging aan die Park deur mede kampeerders by die kantoor

12.3 **Geen persoon word toegelaat om enige handel te dryf op Klipdraai se perseel sonder die eienaar se toestemming nie**

12.4 **Vuurmaak**; Maak slegs vuur in die braaigeriewe op u staanplek en of braaiareas beskikbaar. Defnitief **GEEN** vure, oop vlamme en bomas op die grond of gras nie. Bomas mag slegs op sementoppervlakke gebruik word. Vuurmaak op die grasperke en gras areas by die kinder speelarea is streng verbode
Vure moet geblus word **na gebruik** en ook indien die wind baie sterk is, wanneer u gaan slaap of u kampplek verlaat

12.5 **Geraas**: Radio, televisie en musiek behoort nie hoorbaar te wees vir aangrensende staanplekke nie en sal slegs toegelaat word indien dit nie ‘n oorlas of ongerief of ergenis vir mede kampeerders veroorsaak nie. In die belang van alle kampeerders wat hulle verblyf geniet vra ons dat die Oord by **22:00 stil** sal wees
Geen radios, musiek mag uit voertuie gespeel word nie

12.6 **Elektries Aangeleenthede**: **Geen persone word toegelaat om aan enige elektriese toebehore of aan elektriese verdeel kaste te werk of te peuter nie, insluitend swembadpompe**

12.7 Die gebruik van ‘n elektriese kabel en verlengingskoord moet aan die munisipale regulasies en wetlike spesifikasie voldoen. Geen kabel dunner as 2.5 mm word toegelaat nie. Kabels moet ten minste 2.5 mm dik wees en mag nie langer as 15 meter wees nie. Indien die kabel langer as 15 meter is, moet dit 4.00 mm dik wees.

12.8 **SLEGS EEN KRAGPUNT PER KAMPEERDER**

12.9 **GEEN STOWE, TUIMELDROëRS, SKOTTELGOEDWASSERS EN WASMASJIENE WORD TOEGELAAT NIE**

12.10 Slegs net, geweefde en gebreide grondseile word toegelaat

12.11 **Voertuie:** Slegs 1 voertuig per staanplek word toegelaat en parkeer u voertuig **op** u staanplek**. (GEEN UITSONDERINGS)** Enige ander voertuie moet by die veilige afgebakende parkeerarea by die kantoor geparkeer word. Alle voertuie op ander staanplekke of park areas sal onmiddellik verwyder word en ons sal nie verantwoordelik gehou word vir enige skade aan u voertuig of kostes wat moontlik hieruit kan ontstaan nie.

12.12 Spoedbeperking is 10 km p/u; vir die veiligheid van kinders, wild en diere. Onverskillige en roekelose motor-bestuurder sal nie in die kamp geduld word nie.

12.13 **Vullis:** Geen leë bottels, blikkies, papier of ander vullis mag gestrooi word nie. U word versoek om nie stompies en bierproppies op die grond te gooi nie. Plaas vullis en rommel asseblief in die houers / vullisdromme wat vir die doel aangebring is. Hou u staanplek asb netjies en skoon ten alle tye

12.14 Dit is ouers se verantwoordelikheid om na hul babas, peuters en kinders om te sien

12.15 **Swembaddens:** Daar mag nie in die swembaddens geëet of gedrink word nie. GEEN ALKOHOL BY DIE SWEMBADDENS

12.16 Geen glasbottels en glase word in die swembad en om die swembad en kinder speelarea toegelaat nie.

12.17 Geen fietse om die swembaddens en saal / lapa area nie

12.18 Dra asseblief toepaslike swemklere / swemklere wanneer u van die swembaddens gebruik maak

12.19 Swembaddens mag nie na **22:00** gebruik word nie. Ons het nodig om die nodige chemikalieë en instandhouding te doen vir u gerief.

12.20 **Bome, plante en tuine:** Die pluk van blomme en plantmateriaal is verbode. Geen warm water en vuuras (warm of koud) mag op die bome, plante en gras uit gegooi word nie. Verwydering, afsaag of beskadiging van bome en die bymekaar maak van hout is streng verbode

12.21 **Troeteldiere:** Slegs **klein hondjies** op leibande word toegelaat. Geen loslopende hondjies word toegelaat nie. U word versoek om agter u hond skoon te maak ten alle tye. Eienaars van honde neem volle verantwoordelikheid vir hulle hondjies en moet asb seker maak honde steur nie ander gaste / kampeerders wanneer hulle op die perseel is nie. **ASSEBLIEF GEEN HONDE WORD IN DIE SWEMBADDENS TOEGELAAT NIE**

12.22 **Diere & Wild:** Voer van diere is op eie risiko. **MOENIE OP EN IN DIE KAMPE VAN DIERE EN WILD KLIM NIE**
Wildsritte vind op eie risiko plaas

12.23 Moenie oor drade, hekke en heinings klim nie

12.24 Moet asseblief geen alkohol agterlaat op u staanplek wanneer u vertrek of dit vir die werkers gee nie

12.25 Lees asseblief alle kennisgewingborde en volg die instruksies

12.26 Besigting van die oord (15 minute) kan slegs buite seisoen plaasvind en nie binne seisoen nie – oord is dan te besig

12.27 Besprekings vir die saal / lapa word by die kantoor gedoen

12.28 Besprekings vir die chalets word by die kantoor gedoen: Kantoor nommers 076 017 4354 & 072 823 5236 en epos besprekings@klipdraaikaravaanpark.com

12.29 Alle persone wat die kampterrein en fasiliteite gebruik sal verantwoordelik gehou vir enige beskadiging aan eiendom aan die oord wat moontlik hieruit kan onstaan bv. krane, kragbokse, braaiers ens. en die minimum fooi wat onmiddelllik betaalbaar is by die Kantoor en waarvoor u aanspreeklik gehou word is R3 500

13. VERMAAK EN MUSIEKFEESTE (wanneer aangebied word)

13.1 Ten tyde van vermaak, aktiwiteite, markte, feeste en of musiekfeeste wat aangebied word op Klipdraai Karavaanpark se perseel sal die eienaar en /of vermaaklikheids organiseerder/s en of feesorganiseerder /s nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese of skadevergoeding in die geval van “Viz Major” (Act of God), natuurrampe, ens nie. In die geval van “Viz Major “sal die optredes en of vermaak nie geherskeduleer word nie en enige kaartjiegelde en stalletjiegelde sal nie terug betaal word nie

13.2 In die geval van slegte weer bv.reën, donderstorms, weerlig, wolkbreuk, hael ens. wat die veiligheid van die sangers, kunstenaars, orkeste, klank & beligtingsspanne **se lewens in gevaar stel of bedreig en waar die toerusting kan beskadig sal die optredes nie voortgaan nie**. Die vermaaklikheids organiseerder/s en of eienaar van Klipdraai Karavaanpark sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese of skadevergoeding voortspruitend hieruit nie

13.3 Tydens musiekfeeste sal die kampeerders versoek word om ten alle tye bandjies te dra, dit is om u as kampeerder te identifiseer
Ingangsfooie na die musiekfeeste sal aan die kampeerders deur gegee word wanneer beskikbaar

13.4 Dagbesoekers ten tye van musiekfeeste sal die normale dagbesoekers tarief betaal vir ingang na die oord: Toegangstyd om 08:00 en tariewe Volwassenes R100, Kinders (3 -12 jaar) R50 en kinders (0 - 2 jaar) R20
Dagbesoekers wat slegs die musiekfeeste die aand wil bywoon (Musiekfees Gangers): Toegangstyd en fooie sal aan die dagbesoekers / musiekfees gangers deur gegee word wanneer beskikbaar

13.5 Wanneer daar kos en drinkgoed stalletjies ten tye van die musiekfeeste is sal u nie toegelaat word om op hierdie feesdae piekniekmandjies in te bring nie, tensy dit duidelik op die bemarkingsmateriaal aangedui is dat u eie “cooler box” of piekniekmandjie welkom is
Op die **NIE – Musiekfeesdae** is u baie welkom om u piekniekmandjie saam te bring

14. DIE VOLGENDE WORD NIE TOEGELAAT NIE: NEEM ASB KENNIS

14.1 Geen **“quadbikes”, motorfietse, golfkarretjies of ongelisensieerde voertuie** nie

14.2 Geen vuurwapens van enige soort toegelaat nie, windbukse, pyl en boë, “paint ball” gewere, ketties

14.3 Geen vuurwerke en klappers

14.4 Vir veiligheidsredes word geen opblaas en of draagbare “mobile” swembaddens op die staanplek en in die oord toegelaat nie